

Octavia en die 8

Storie deur Jacqui L'Ange | Illustrasies deur Julie Smith-Belton



Octavia die Seekat woon in die kelpwoud, in die koel, helder water van 'n strand in Afrika.

Gedurende die dag kom sy uit haar rotsagtige grot om tussen die lang blare te dryf en in die sonstrale wat van bo af skyn, te speel.

Daar is helderkleurige koraal op die sanderige bodem en gesellige grotte om in weg te kruip. Octavia is lief vir haar tuin, want sy kan iets spesiaals doen – sy kan haar kleur verander om te pas by alles waarop sy rus. Sy kan selfs haar vel verander om grof te lyk soos klippe, of stekelig soos koraal.


Dit is veral nuttig wanneer sy wegkruipertjie speel, want haar maats kan haar nooit kry nie! Soms kruip sy so goed weg dat haar maats moeg raak om haar te soek en wegswem. Dan jaag sy agter hulle aan deur 'n straal water agter haar uit te skiet.

Maar sy stop altyd as sy by die seebank kom.

Dit is waar die seabodem in die diep, diep donkerte wegval. Octavia was bang om daarheen te gaan.

“Ek hou daarvan om iewers te wees waar ek aan iets kan vashou,” sê sy vir haar agt beste maats.

“Ons gaan net 'n klein bietjie dieper,” sê hulle, “en ons kom altyd terug.”



Maar hoe hard hulle ook al probeer, hulle kan Octavia nie oorreed om saam te gaan nie. Sy wag op die rand van die bank vir hulle en staar in die stikdonker in totdat sy hulle helder kleure uit die donkerte sien terugkom.

Op 'n stormagtige dag is die water baie wild. Wit golwe breek op die oppervlak, en strome onder die water stoot die seegras in alle rigtings en laat die anemone dans.

Octavia gaan naby die seebank na haar maats soek – en word oor die rand gespoel!

Die sterk seestroom sleep haar na onder en draai haar om en om. Van die skrik spuit Octavia 'n stroom gitswart ink uit. Nou kan sy glad niks sien nie – en sy tuimel en val nog steeds. Al drie haar harte klop wild, en dit voel of haar maag omgedop het.

“Help!” roep sy.



In die donker voel sy hoe iets een van haar tentakels vang. Dit is geboë en glad.

“Ek het jou!” sê Khalo, die krap.

“Ek ook!” sê Stella, die seester en heg haar puntige arm aan 'n ander tentakel vas.

“En ek!” sê PJ, die streephaai.

Een vir een swem haar maats uit die donker na haar toe en elkeen vang 'n tentakel. Die wêreld begin kalmeer. Octavia hou styf vas en laat toe dat hulle haar na haar tuin teruglei.

Toe hulle die perfekte plek kry, sprei Ray sy wye vinne uit om hulle teen die stormstrome te beskerm, en hulle sit almal bymekaar, gelukkig om saam te wees.

En as gevolg van die spesiale ding wat Octavia kan doen, kan jy gou nie sien waar die een maat begin en die ander eindig nie!



Octavia en die 8

Storie deur Jacqui L'Ange • Illustrasies deur Julie Smith-Belton

Idees om oor te gesels

Octavia was bang om verder as die rand van die seebank te gaan. Waarvoor is jy bang? Wat kan jy doen om beter te voel as jy bang voel?

Deel asseblief 'n oomblik toe jy bang was en iemand of iets jou gehelp het.



Visueel

Gaan hier na die aktiwiteitsblad: <https://nalibali.org/story-supplies/activity-sheets>

Gebruik die laaste prentjie van die storie om jou te help om Octavia se vriende in te kleur.



Lees

Lees die storie weer en maak 'n lys van al die goed wat in die see gevind word.




Skryf

Maak 'n leë visvormige boek of vra 'n grootmens om dit vir jou te maak. Skryf en illustreer 'n storie oor die lewe onder die see in die boek. Of teken die prentjies en vra 'n grootmens om die woorde te skryf wat jy vir hulle sê.



Handwerk

Verf die binnekant van 'n boks blou en skep dan 'n klein onderwaterwêreld met skulpe, klippies en seediere en plante wat jy van herwonne materiaal en gekleurde papier gemaak het.



Speel toneel

Maak asof jy 'n seedier of 'n seeplant is: wieg soos kelp, swem soos 'n klein vissie, swem soos 'n groot vis, beweeg sywaarts soos 'n krap en beweeg deur die water soos 'n seekat.

